

Gereformeerde Kerk Bellville – 11 Junie 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 29:1, 2 (p. 135)

- 1 Eng'lemagte, loof die HEER, / gee die HERE sterkte en eer!
Al die duisende tesaam – / sing die ere van sy Naam!
Eng'le, trone, heerskappye – / laat dit opklink uit jul rye!
Dien God, groot deur almagsdade, / in die skoonste feesgewade!
- 2 Dis sy stem wat, hooggedug, / rol en ratel deur die lug
as die onweerstorme woed / bo die donker watervloed;
en dit klink met groot vermoë / majesteitlik deur die boë;
alles beef en staan verwonder / as die God der ere donder.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 113:1, 2, 3 (p. 559) (op die melodie van Ps 24)

- 1 Hef aan, Gods knegte, loof verblyd, / van nou af tot in ewigheid,
die Naam en roem van God die HERE. / Bring Hom van waar die môre straal,
tot waar die sonlig saans weer daal, / die lof, aanbidding, prys en ere!
- 2 Die HEER wat in die hemel woon, / wat bo die wêreldvolke troon,
is hoog, met heerlikheid omgewe. / Ja, wie is hoog soos onse HEER
Nogtans sien Hy genadig neer / op wie voor Hom in kleinheid lewe.
- 3 Die HEER verhef uit as en stof / geringes, wat Hy tot sy lof
laat woon by prinse^o in hul paleise. / Hy skenk onvrugbares sy troos
en maak hul moeders van 'n kroos. / Loof God met eer- en dankbewyse!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Skriflesing: Daniël 9:1-27

Kernverse: Daniël 9:23-24

By die begin van jou smekinge het 'n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is 'n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig. Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. (Daniël 9:23-24 AFR53)

Tema: Hoe groot is God tot wie ons bid

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons glo in die enigste lewende God. En in die woorde van die eerste artikel van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat God **ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is**. Met ander woorde, die God in wie ons glo is baie groter en ver verhewe bo enigiets wat ons onself ooit kan indink.

Die Here openbaar Homself egter nie net as die groot en verhewe God nie. Hy openbaar Homself van die begin af ook as die almagtige God wat persoonlik besig is met sy skepping. Hyself het die hele skepping tot stand gebring deur net te spreek. Met sy eie hand regeer en versorg Hy elke skepsel in sy skepping. Die nabyheid van die Here by sy skepping en skepsels is nog meer intens. Hy het die wêreld so liefgehad dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Die Here openbaar Homself dus as die God wat almagtig en verhewe is bo sy skepping en skepsels en tegelykertyd is Hy naby, bekend en persoonlik betrokke en teenwoordig by sy skepping en skepsels. Om 'n vol en troosryke verhouding met God te hê, is dit noodsaaklik dat 'n gelowige albei hierdie groot waarhede aangaande God bymekaar moet vashou. Wanneer 'n mens net een van hierdie waarhede vashou en die ander een vervaag en word vergete, trap 'n mens skeef in jou verhouding met die Here. Gevolglik beleef 'n mens nie meer die troos van 'n lewende verhouding met God so intens en intiem as wat Hy dit wil hê nie.

Vanoggend bring die Heilige Gees ons by die gedeelte in die boek Daniël wat baie gelowiges al baie laat kopkrap het. En ja, hierdie laaste drie verse van Daniël 9 is vir ons in die een en twintigste eeu beslis nie die maklikste gedeeltes om sommer van die staan-spoor af te verstaan nie. Maar omdat dit vir ons moeilik is, moet ons nie sommer die maklike uitweg kies en sê: Goed kom ons gaan maar aan na Daniël 10 toe, nie. Dit is juis in die verskyning van die engel Gabriël en in die antwoord wat die Here gestuur het waarmee die Heilige Gees gelowiges in staat stel om albei die waarhede aangaande God te kan vashou en 'n vol en troosryke verhouding met Hom te kan hê.

Broers, susters en kinders, die twee kere wat ons by die gebed van Daniël stilgestaan het, het ons gehoor waarvoor hy tot God gebid het. In die boek Jeremia het hy die regverdig en troosvolle woord van die Here gelees: Jerusalem sal vir 'n volle sewentig jaar 'n puinhoop wees.

Dit is 'n regverdige woord, want Daniël het daarin die vermaning van die Here gehoor. Die Heilige Gees het hom gelei om in diepe nederigheid by die Here belydenis te doen van sy en sy volk Israel se sondes. Hy het by die Here om vergifnis gesmeek omdat God se barmhartigheid so groot is.

Die woord van die Here in Jeremia is ook troosvol, want Daniël hoor die belofte van herstel. Na afloop van die sewentig jaar sal Jerusalem en die tempel deur die Here herstel word. Op grond van hierdie belofte het Daniël gesmeek dat die Here ter wille van Homself en sy heilige Naam die vervulling van die belofte nie sal uitstel nie.

Daniël is in 'n diep en ernstige gesprek met God het. 'n Mens voel aan hierdie is 'n heilige ontmoeting met God. Enige iemand met eerbied vir God en agting vir die profeet weet dat jy nie hier kan onderbreek nie. Maar die Here doen dit. Hy stuur sy engel Gabriël en Hy val Daniël in die rede terwyl hy nog sondes bely en smeek.

Toe Daniël gebid het, was hy geensins opsoek na 'n ontmoeting met engele nie. Hy het God self in gebed opgesoek. Aan die begin van hierdie hoofstuk sê Daniël dat hy sy aangesig tot die Here God gerig het (Dan 9:3). Daniël het vrymoedigheid om in so 'n openlik persoonlik gesprek met God te wees – om van aangesig tot aangesig met God te praat.

In plaas van die onmiddellike naby teenwoordigheid van God waarna Daniël verlang verskyn die engel Gabriël aan hom. Van daar waar Daniël nie kon sien nie – van die Here af – het Gabriël na hom toe gekom. Daniël begeer die intieme nabyheid van die Here, maar die skielike verskyning van Gabriël openbaar nou 'n oneindige groot afstand tussen die profeet en die Here. Vir 'n oomblik vervaag die nabye vriendelikheid van God en daar is hierdie oneindige afstand. God is so ver verhewe bo Daniël dat 'n mens sal dink dat 'n naby intieme verhouding met Hom geheel en al buite die kwessie is.

Om te begryp hoe hierdie verskyning van die engel die oneindige afstand tussen Daniël en God kan uitspel, moet 'n mens maar net onthou wat met Daniël gebeur het toe Gabriël die eerste keer verskyn het. Daniël sê self hy het geskrik en bewusteloos met sy gesig op die grond geval (Dan 8:17-18). Die ontmoeting het hom uitgeput. Hy is maar 'n mens – 'n gelowige mens ja, maar steeds 'n mens – en hier staan 'n heilige engel van God.

Met die verskyning van die engel Gabriël word dit dadelik duidelik dat daar tussen God en die mens 'n oneindige afstand is – God is verhewe en heilig en die mens is op die aarde. Tog is al die troos en nabyheid van die Here wat Daniël begeer daar wanneer die engele met hom praat. Gabriël sê vir Daniël hy is 'n geliefde man – die verhewe heilige God het jou lief, Daniël. In hierdie woorde leer Daniël dat die verhewe God die God is wat hy ken, en die God wat hy ken en aanbid bly altyd die verhewe heilige God. Daniël en ons leer die les wat Jesaja al aangaande God geprofeteer het:

Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryselde. (Jesaja 57:15 AFR53)

God is verder bokant menslike sake as wat ons dink. Uit die boek weet ons tot dusver dat Daniël die Here God nog altyd ken as die verhewe God wat ook vriendelik en naby is. Daardie gesig van die Oue van dae wat op sy troon sit (Dan 7:13) sou Daniël nooit vergeet het nie. Ook in die wyse waarop Daniël in hierdie gebed God aanspreek as die grote en gedugte God hoor ons dat Daniël weet God is verhewe en heilig.

Maar in die profetiese openbarings het Daniël oor en oor bekend gemaak dat God voluit betrokke is in die mense se geskiedenis. God is die God wat besig is in mense se sake. En in hierdie gebed het Daniël ook gepleit dat God sy en Israel en Babilonië se saak God se eie saak sal maak. En dit is so, geliefdes, die heilige God is innig betrokke in alles wat hier op die aarde gebeur. Hy regeer dit en beskik dit. En dit is reg om so oor die Here te dink.

En nou word Daniël daaraan herinner dat God nie net in mense se sake betrokke is nie. Hy is ook ver verhewe daarbo en buite mense se sake. God het sy eie lewe, sy eie woonplek, sy eie gemeenskap met Homself. God se heiligheid verminder nie en word nie vernietig omdat Hy in die geskiedenis van die wêreld aan die werk is nie. God se troon is veilig al wankel die trone van aardse koninkryke. God is op sy troon in sy troonsaal in die hemel en Hy is omring deur sy duisende en miljoene gehoorsame engele. Dit is hierdie kennis dat God voluit betrokke is in wat hier in die geskiedenis van mense gebeur en terselfdertyd dat Hy altyd die hoog verhewe God bly wat vir Daniël 'n nog dieper belewenis en vaster versekering in die gebed sal gee.

Dit is vir gelowiges van vandag net so waardevol om hierdie les te leer. Wat ons van gebed verstaan en glo word grootliks bepaal deur dit wat ons van God glo. Die ongeluk is, wat mense van God glo is meestal beperk tot wat hulle van God kan verstaan. God word in hulle gedagtes afgetrek op dieselfde vlak as wat hulle is. Sodoende word God beroof van al sy eienskappe wat hulle uitdaag en wat verhewe bo hulle begrip is. God word nou net 'n persoonlike en naby God vir hulle.

Dan word God se heerlike teenwoordigheid by mense, sy besig wees in hulle lewens, sy werk in hulle geskiedenis so beklemtoon dat hulle vergeet dat God ook onafhanklik en in heilige heerlijkheid woon. Mense dink graag aan God as die God van liefde – en dan liefde soos wat hulle liefde verstaan. Mense troos hulle self daaraan dat hulle hulleself op God se genade kan beroep en dat Hy barmhartig teenoor hulle sal wees wanneer hulle met tranes tot Hom roep. Hulle hou daaraan vas dat Hy sal hoor wanneer hulle tot Hom bid. En al hierdie dinge is waar aangaande God. Maar dit kan tog nie alles wees wat ons van God kan glo nie.

Wanneer 'n mens 'n vol en vervulde verhouding met die lewende God wil hê, moet 'n mens ook daaraan vashou dat God ewig, onveranderlik en alomteenwoordig is, net soos wat 'n mens aan sy liefde en genade en nabyheid vashou. As die Here alles aan sy gelowige gee wat hy nodig het, word God nie armer nie. God is oneindig ryk aan genade, trou en geregtigheid. Hy is die bron van ware liefde en kan nooit uitgeput raak nie. Hy is vol liefde en geregtigheid binne die raamwerk van sy eie oneindige verhewenheid en heiligheid.

In die dae toe Jeremia as profeet opgetree het, het hy ook met sogenaamde profete te doen gekry wat hulle ontsag en vrees vir God verloor het omdat hulle Hom nie meer as die heilige en verhewe God gesien het nie. Hierdie profete het aan die mense net vertel van die mooi en aangename dinge van God waarmee hulleself gemaklik was. Hulle het die mense geleer dat God die vriendelike God is wat naby sy volk is en hulle sal beskerm teen die vyande uit die noorde soos die Babiloniërs omdat Hy hulle liefhet. Oor die heiligheid en toorn van God oor die sonde en die noodsaak dat mense hulle van hulle verkeerde weë moet bekeer, het hierdie profete liefs nie gepraat nie.

Jeremia het hierdie profete en die volk tot hulle sinne geroep. Hulle moes ophou om God so eensydig te sien en te verkondig en Hom eerder in sy volheid as God erken en aanbid. Met hierdie woorde het Jeremia die mense in sy tyd tot hulle sinne geroep:

Is Ek 'n God van naby, spreek die HERE, en nie 'n God van ver nie? Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? spreek die HERE. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE.
(Jeremia 23:23-24 AFR53)

So maklik gebeur dit dat ons mense heeltemal te klein dink van God. Omdat ons Hom net in ons wêreldjie intrek, stroop ons Hom in ons gedagtes van sy almag en heiligheid. En die troos en genade wat Hy aan sy kinders wil gee vanuit sy hoë verhewenheid, verdwyn uit ons gesigsveld en ons dink dat sy beloftes van verlossing en beskerming onmoontlik is.

Jesus het ons geleer om te bid en God aan te roep as ons Vader wat in die hemel is. God is die God wat naby is – Hy is deur die verlossingswerk van Christus die Vader van gelowiges wat hulle tot die uiterste toe liefhet. En tegelykertyd is Hy Vader in die hemel – verhewe bo mense en hulle wêreld – vol heiligheid en geregtigheid.

Hierdie selfde waarhede geld ook van Jesus Christus. Christene kan daaraan vashou dat Jesus Christus naby hulle is tot aan die einde van die wêreld. Hy is hulle Broer wat hulle ellende sy ellende gemaak het, want Hy het hulle vlees en bloed aangeneem om vir hulle sondes te sterf. Terselfdertyd is Jesus Christus ook die Here en God van Christene. Die laaste wat die dissipels van Jesus gesien het, was toe Hy opgeneem is in die hemele tot aan die regterhand van sy Vader. En dit is na bo in die hemel waarheen die engele se verskyning en antwoord Daniël se gedagtes ook opvoer.

Hierdie twee waarhede aangaande God – sy nabyheid en sy verhewenheid – word ook in die antwoord op Daniël se gebed beklemtoon. Daniël het gesmeek om vergifnis vir sy en sy volk se sonde. Hy het gevra dat die Here sy belofte oor die herstel van Jerusalem sal onthou ter wille van sy eie Naam. In die antwoord laat die Here Daniël verstaan dat Hy hierdie onmiddellike gebed sal verhoor. Maar die Here gaan nie maar net daarmee volstaan nie.

Omdat Hy die hoë verhewe God is, groter as wat ons ooit vir onself kan indink, gaan Hy meer as dit doen. In hierdie antwoord voer die Here Daniël oor die eeue heen na die koms van die Messias. Dit gaan vir die Here immers nie net oor een volk nie maar oor die hele mensdom. Met die offer van die Messias van God sal daar 'n einde gemaak word aan die goddeloosheid en sonde. Hy sal versoening bring sodat die mens weer aan sy doel kan beantwoord waarvoor God hom geskep het – om God te eer en dien.

Daarom sal die Messias ewige geregtigheid vestig. Hy sal sy Gees aan die verlostes gee om op hulle harte die wet van die Here te skryf. Hulle sal God se volk wees en Hy sal hulle God wees. Al die profesieë sal in Christus vervul word en Jesus sal erken word as die Here en God oor alles en almal. Hy sal vir Hom regverdiges maak uit sondaars. Hy sal uit elke volk, taal en nasie sy diensknegte bymekaarmaak tot eer en verheerliking van sy Vader.

Geliefdes, mag die Heilige Gees ons so lei dat ons nooit te klein van God sal dink nie – dat Hy net die God van naby is en nie weet wat alles in die wêreld aangaan nie. Laat ons ook nooit dink dat Hy net ver verhewe is en hom nie steur aan wat hier in ons wêreldjie gebeur nie. Hy is die hoë verhewe God wat naby is aan die verslae en nederige hart.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 46:3, 6 (p. 237)

- 3 Die HEER is daar, Hy hou die wag; / so gaan die donker uur dan om;
Hy red wanneer die vroeë dag / goudglansend oor die berge kom.
In wilde krygsgeruis / het nasies opgebruis, / en koninkryke sink:
die HEER se stem weerklink – / 'n ganse wêreld beef voor Hom!
- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 119:39 (p. 594)

- 39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Junie 2017